**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A72/2005

In die appèl tussen:

**AUCTION ALLIANCE VRYSTAAT (PTY) LTD** Appellant

en

**FRANS OTTO BOBBERT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE, RP *et* HANCKE, R *et* WRIGHT, R

---

**UITSPRAAK:** HANCKE *et* WRIGHT, RR

---

**AANGEHOOR OP:** 20 FEBRUARIE 2006

---

**GELEWER OP:** 30 MAART 2006

---

[1] Hierdie is 'n appèl gerig teen 'n uitspraak en bevel van Van Coppenhagen, R wat die appellant se aansoek om die afdwinging van 'n inkortingsbevel van die hand gewys het met koste.

[2] Die aansoek is op 15 April 2004 ter rolle geplaas waarna dit by ooreenkoms tussen die partye uitgestel is om aangehoor te word op 23 April 2004. Op gemelde datum het die Hof *a quo,* by die aanvang van die argument namens die appellant, die aspek rondom die toepaslikheid van Artikel 13 van die Grondwet op 'n beperkingsklousule aan die advokate gestel, en aangesien geeneen van hulle voorbereid was om hierdie aspek te argumenteer nie, is die aangeleentheid uitgestel vir beredenering tot 13 Mei 2004. Op gemelde datum is uitspraak voorbehou waarna op 27 Mei 2004 die Hof *a quo* die appellant se aansoek van die hand gewys het met koste.

[3] Op 18 Junie 2004 is 'n aansoek om verlof om te appelleer geliasseer, welke aansoek eers op 4 Maart 2005 aangehoor is,

waarna daar op dieselfde dag aan die appellant verlof verleen is om te appelleer ten opsigte van die huidige respondent.

[4] Mnr. Fischer, namens die respondent, het aangevoer dat die beperkingsklousule wat van krag sou wees vir ‘n tydperk van 12 maande op 9 Maart 2005 verstryk het, dit wil sê ongeveer 5 dae voordat die aansoek om verlof om te appelleer aangehoor is; gevolglik moet hierdie Hof handel met die appèl uit hoofde van die bepalings van Artikel 21A van die Hooggeregshofwet 59 van 1959, waarvan die toepaslike sub-artikels soos volg lui:

> “1. Wanneer die geskilpunte by die verhoor van enige siviele appèl na die appèl afdeling of enige provinsiale afdeling of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van so aard is dat die uitspraak of verlangde bevel geen praktiese uitwerking of gevolg sal hê nie, kan die appèl op hierdie grond alleen van die hand gewys word. ...
>
> 3. Behalwe in buitengewone omstandighede word die vraag of die uitspraak of bevel geen praktiese uitwerking of gevolg sou hê nie, bepaal sonder verwysing na oorweging van koste.”

[4] Mnr. Van Rhyn, namens die appellant, het aangevoer dat ‘n uitspraak van die Volbank wel ‘n “praktiese uitwerking” sal hê wat hierdie hof noop om die appèl aan te hoor; naamlik eerstens is daar ‘n belangrike regsvraag wat beslis moet word en tweedens, terwyl die huidige bevel staan, ontneem dit die appellant van die instel van ‘n moontlike aksie om skadevergoeding weens kontrakbreuk teen die respondent.

[5] Wat die regsvraag betref, het die Hof *a quo* met verwysing na die beslissing van **BASSON v CHILWAN AND OTHERS** 1993 (3) SA 742 (A), die volgende verklaar (in paragraaf 8):

> “Voormelde uitspraak het myns insiens op 8 Mei 1996 sterk onderskraging gekry toe die Grondwet, Wet 108 van 1996, as hoogste reg (cf. artikel 2 Wet 108 van 1996) op die wetboek geplaas was. Artikel 22 van die Grondwet verleen aan elke burger die reg om ‘n bedryf, beroep of professie te kies. Geen regulering in die beoefening van die gekose professie, beroep of bedryf wat as slawerny, knegskap of dwangarbeid aangemerk kan word sal egter geduld word nie (cf. artikel 13 van die Grondwet). Enige kontrak wat dus bepaal dat ‘n persoon sy unieke en persoonlike kundigheid, gawes, talente, bedrewenheid of

vaardigheid slegs aan 'n bepaalde persoon of instansie moet diensbaar stel, sal gevolglik as 'n reël *contra bonos mores* wees."

"Die feite wat vir doeleindes van hierdie aansoek aanvaar moet word, is die afleiding onvermydelik dat die applikant wens te verhoed dat eerste respondent vir 'n periode van 1 jaar binne die Republiek van Suid-Afrika sy persoonlike en unieke talente, gawes, vaardighede, bedrewenheid, en kundigheid, hetsy tot voordeel van homself, hetsy tot voordeel van 'n ander, anders as applikant beskikbaar moet stel of kan stel. Dit kan ook anders gestel word; eerste respondent mag vir gemelde periode binne die RSA slegs sy persoonlike unieke vaardighede, kundighede, talente, bedrewenheid en gawes in diens van applikant aanwend.
Die voorgestelde beperkings is myns insiens in die omstandighede *contra bonos mores* en dus regtens onafdwingbaar."

[6] 'n Strydige beslissing word gevind in hierdie Afdeling in die saak van **<u>THE POLYGRAPH CENTRE - CENTRAL PROVINCES CC v VENTER & LIETECH</u>**, (aansoeknommer 3992/2004 aangehoor op 9 Desember 2004 en gelewer op 13 Desember 2004).

[7] Ten opsigte van die Hof *a quo* se interpretasie van Artikel 22, verklaar Hattingh, R in laasgenoemde saak die volgende:

"20. Ek kan, met respek, my nie vereenselwig met my geleerde kollega se standpunt nie.

21. Eerstens het Artikel 22 van die Grondwet nie die regsposisie, soos dit verduidelik is in die MAGNA ALLOYS-beslissing (*supra*) verander nie. ....

23. Tweedens word daar in Artikel 7 (2) van die Grondwet 'n verpligting geplaas op die Staat om die regte in die Handves van Regte te eerbiedig, beskerm, bevorder en te verwesenlik. ...

27. Die burger se voormelde regte geniet slegs vertikale werking tussen Staat en burger (owerheid en onderdaan) en dit het nie horisontale werking tussen private individue wat hulle belet om vryerlik met mekaar te kontrakteer ter inkorting van, of beperking op, of selfs afstanddoening van hulle

handelsvryheid nie."

[8] Ten opsigte van die Hof *a quo* se interpretasie van Artikel 13, verklaar Hattingh, R die volgende:

> "[28] Wanneer twee kontrakspartye sodanig met mekaar kontrakteer deurdat die een sy handelsvryheid byvoorbeeld beperk, deur sy deskundigheid en vaardigheid slegs aan die ander party diensbaar te stel word dit gewis nie getref deur die verbod teen slawerny, knegskap of dwangarbeid nie."

[9] Wat die beslegting van die regsvraag by die toepassing van Artikel 21A betref, verklaar Farlam AR in **THE MERAK S.: SEA MELODY ENTERPRISES SA v BULKTRANS (EUROPE) CORPORATION** 2002 (4) SA 273 (HHA) op 276 H die volgende:

> "[4] In view of the importance of the questions of law which arise in this matter, the frequency with which they arise and the fact that at the time of the decision in the Court a quo and of the granting of leave to appeal those questions were, as Mr Shaw for the appellant put it, 'live issues', I am satisfied that this is an appropriate matter for the exercise of this Court's discretion to allow the appeal to proceed:..."

Sien die bespreking van laasgenoemde twee beslissings in Saner "Agreements in Restraint of Trade in South Africa" (uitgegee deur Butterworths, par. 14.9 op p. 14 – 15).

[10] 'n Soortgelyke houding is ingeneem in **LAND EN LANDBOUONTWIKKELINGSBANK VAN SUID-AFRIKA v CONRADIE** 2005 (4) SA 506 (HHA) waar Mpati Adjunk- President op 512 [10] die volgende verklaar:

> "[10] There is, however, a further submission by counsel, viz that the questions of law at issue here are of considerable importance and are likely to arise frequently."

Sien ook: **RAND WATER BOARD v ROTEK INDUSTRIES (PTY) LTD** 2003 (4) SA 58 (HHA) en die gesag verwys na te p. 61C – 63B.

[11] Partye is geregtig dat hulle grondwet geïnterpreteer word as riglyn vir die toekoms. In **<u>NATAL RUGBY UNION v GOULD</u>** 1999 (1) SA (HHA) 432 verklaar Howie, AR op 444 J – 445 B die volgende:

> "Had there been no appeal the judgment of the Court below would in all probability have continued to influence the procedure adopted in respect of office bearer elections at future union meetings. There was, of course, nothing irregular or unfair in the procedures adopted at the re-election meeting, viewed purely in isolation, without regard to the constitution. But the union does have this constitution. It is the chosen instrument by which the union's affairs are to be regulated and the union, its office bearers and council members are entitled to have it interpreted in order to guide them for the future. In the circumstances I consider that determination of the appeal will, quite apart from the issue of costs in the Court below, have a 'practical effect or result' within the meaning of s 21A of the Supreme Court Act."

[12] Dit is duidelik dat daar huidiglik in hierdie Afdeling twee teenstrydige hofbeslissings is oor die toepassing van Artikels 13 en 22 van die Grondwet ten opsigte van aansoeke van hierdie aard. Die beslissing van beperkingsklousules kom taamlik dikwels voor hierdie hof, en is dit dus van belang dat 'n Volbank regsekerheid daarstel ten opsigte van welke uitspraak die korrekte is.

[13] Daar is ook die tweede aspek, naamlik dat die appellant se aksie om skadevergoeding moontlik gekortwiek kan word deur die Hof *a quo* se bevel, indien dit staan, dat die beperkingsklousule *contra bonos mores* en gevolglik onafdwingbaar is, en 'n pleit van *res judicata* gehandhaaf word. In sy aansoek beweer die appellant dat indien die aansoek teen die respondent nie toegestaan sou word nie, hy onherstelbare skade sou ly. Dit behoef geen betoog dat dit dikwels moeilik is om skade te bewys wat spruit uit die openbaarmaking van handelsgeheime en is die remedie nie altyd bevredigend nie. Dit wil glad nie sê dat sodanige skade inderdaad nie verhaal kan word nie. In elk geval kom dit voor dat daar 'n realistiese moontlikheid is om skade te bewys minstens ten opsigte van die verlies aan kommissie as gevolg van die verkoping van die Royal Hotel te Bethlehem, waarna hieronder verwys word. Appellant het dus *prima facie* aangetoon dat as gevolg van die weiering van die aansoek, hy skade gely het. In hierdie opsig het die bevel dus ook "praktiese uitwerking of gevolg" soos bedoel in Artikel 21A(1) van die Hooggeregshofwet.

[14] Dit volg dus dat hierdie ‘n gepaste geval is, in die uitoefening van hierdie hof se diskresie, om toe te laat dat die huidige appèl voortgaan. Die punt *in limine* kan dus nie slaag nie.

[15] Wat die meriete betref, kan herhaal word dat die appellant aansoek gedoen het vir die afdwinging van ‘n beperkingsklousule waarvan die duur 12 (twaalf) maande sou wees en die area die Republiek van Suid-Afrika. In klousule 17.3 van die kontrak word vermeld wat die respondent nie mag doen gedurende die duur van die beperkingsklousule nie. Veral van groot belang is die inhoud van paragraaf 17.2 van die ooreenkoms wat soos volg lui:

> “17.2 It is recorded and agreed that:
> 17.2.1 the business is highly competitive;
> 17.2.2 the group has valuable trade connections;
> 17.2.3 by reason of the Auctioneer’s prior direct or indirect interest in the business, as well as his appointment in terms hereof, the Auctioneer has and will acquire an in-depth knowledge of the confidential information;
> 17.2.4 should the Auctioneer sever this association with the group and make the confidential information available to a competitor of the group or utilise such confidential information in competition with the group, it would cause the group to suffer considerable financial loss;
> 17.2.6 it is accordingly necessary for the company, in order to protect it and the groups goodwill and legitimate proprietary interests in the confidential information, and other legitimate interests, to conclude an agreement with the Auctioneer pursuant to which the Auctioneer will be restrained in certain respects.”

[16] Sedert ongeveer 2000 was die respondent in diens van die appellant, maar is die kontrak eers in November 2001 onderteken. In Julie 2002 is die respondent aangestel as ‘n direkteur van die appellant, en het hy ook gedien op die uitvoerende komitee van die Auction Alliance groep maatskappye wat bykans landswyd besigheid gedoen het.

[17] Op die laatste op 1 April 2004 het respondent in diens getree van ‘n maatskappy bekend as Aucor Free State (Pty) Ltd wat in die Hof *a quo* as ‘n tweede respondent gesiteer is. Die appellant se aansoek teen beide die huidige respondent (eerste respondent in die Hof *a quo*) en die tweede respondent in die Hof *a quo* was onsuksesvol.

Die Hof *a quo* het slegs verlof verleen om appèl aan te teken teen die bevinding ten aansien van die huidige respondent, en dit is dan al wat hier ter sake is.

[18] Dit is gemene saak dat die groep van maatskappye waarvan appellant lid is en die groep van maatskappye waarvoor respondent tans werk, direk met mekaar kompeteer, en trouens, die belangrikste en grootste aandeel in die veilingsmark in Suid-Afrika het. Alle ander groepe wat spesialiseer in veilings van vaste eiendom is nie eintlik noemenswaardig teenoor die rol wat voormelde twee groepe van maatskappye speel nie.

[19] Die respondent se houding soos uiteengesit in die opponerende beëdigde verklaring was dat hy reeds voor sy aanstelling by appellant kennis van die afslaersbedryf opgedoen het, en dat hy in Bethlehem as afslaer werksaam was. Hy het voorts gekonstateer dat appellant geen besigheidsgeheime het nie, en dat die wyse waarop afslaersfirmas werk, algemeen bekend is, en dat dit ook algemeen bekend is wie die kliënte is van wie afslaers hulle werk kry, en waar besigheid gesoek moet word (en dat dit dikwels by likwidateurs of kurators van insolvente boedels is). Respondent het uitdruklik verklaar dat hy geen formules, metodes en/of werkwyses of kliënte of 'n kliëntebasis vir die bedryf anders as waaroor hy persoonlik beskik het by die appellant ontvang of geleer het nie. In 'n mate is hy ondersteun deur die tweede respondent in die Hof *a quo* wat te kenne gegee het dat hulle maatskappy oor hulle eie besigheidsplan beskik en glad nie belangstel in appellant se werkswyse of planne nie aangesien hulle 'n werksplan het wat baie suksesvol is.

[20] Appellant het in diepte gerepliseer op applikant se ontkennings. Dit is onnodig om die geheel daarvan uiteen te sit, maar van die belangrikste besonderhede word uiteengesit in gedeeltes van die repliserende verklaring waarna daar hieronder verwys word. Met verwysing na die konferensie wat deur respondent bygewoon is, asook na vergaderings van die uitvoerende komitee, word die volgende gesê:

> "15.1.2 The National Sales Conference, and various Exco meetings were highly confidential. All BDM's and directors which included First Respondent, who were present were advised of the confidential nature thereof. At the sales conference we discussed issues that were highly confidential and not known to anyone in the industry. These issues included amongst other

things the following:-

- Our general sales strategy
- Our sales figures
- Our net profits
- Our black economic empowerment plans
- Our plan for transformation

- Our launch of a product to conduct multiple real estate auctions
- Our vision statement and where the company is planning to focus over the next five years which included objectives and strategies for finance, operations, marketing and sales

15.1.3 I submit further that these meetings covered the public relations strategy and media planning, our sales and commission figures for all BDM's including First Respondent, our launch of a product for prestigious property auctions, our international plans with Dovebid Incorporated (and how this will be launched in the African market) the launching of a host of new marketing materials, new innovations, and new branding materials, a unique customer service plan, confidential figures relating to advertising expenditure, marketing expenditure, our data base management system, our premier client list and our regional branch management reports.

15.1.4 Of importance to submit is that there are many companies conducting similar business as Applicant who would find the information discussed in these meetings invaluable to their businesses. First Respondent was privy to a host of information which is totally unique to AA Group and that any other competitor would find invaluable if they could obtain it.

15.1.5 At the sales meetings Applicant and its various BDM's discussed at length the strategies to complete successfully against Second Respondent – as well as any other competitor in the industry – and First Respondent was present at all these meetings.

[21] Ook kan daar, byvoorbeeld, na die volgende gedeeltes verwys word:

> "23.1.2 On 21 June 2003, Ronen Jackson and I flew to Bloemfontein to launch our new sales strategy to First Respondent and Jordaan. This was specifically designed in a power point format together with a host of glossy marketing materials as to how to approach the non-liquidation market. First Respondent did not arrive at the meeting. However and on Monday 23 June 2003 he telephoned me to apologise and subsequently came to Johannesburg where Ronen spent the morning launching the new sales strategy and teaching and training him how, when and which corporate clients and private individuals should be approached on a pro-active basis. This strategy was a definite shift from the previous sales and marketing approach followed by Applicant and formed a new formal strategy to adjust to the changing market conditions that Applicant found itself operating in.
>
> 23.1.3 First Respondent was greatly enthused about Applicant's new focus on non-insolvency work and together with Ronen Jackson they worked on a strategy to obtain this type of work. On or about 17 July 2003 First Respondent and Ronen Jackson visited one Kevin of Durban Roodepoort Deep Mining Company in an effort to obtain business from this company. Ronen Jackson presented Applicant's new corporate presentation to Kevin in the presence of First Respondent. The meeting had the dual purpose of canvassing for work and at the same time served as training for First Respondent on Applicant's new presentation procedures had adopted."

[22] Dit is maar enkele gevalle wat in die repliserende verklaring vermeld word. Dit word gestaaf deur aanhegting van notules van sodanige vergaderings waarin uiteengesit word wat tydens die vergaderings bespreek is, en dat respondent teenwoordig was. Uit die aard van die saak sou dit vir appellant se vernaamste mededinger van groot waarde gewees het om presies die appellant se strategie en werkswyse ten opsigte van bogemelde aspekte te weet.

[23] Respondent erken self in ‘n skrywe gerig aan appellant op 9 Februarie 2004 dat hy baie geleer het van die appellant:

> “I have learned so much from Auction Alliance during this time and have gained a lot of valuable experience in the auction industry.”

Dit word ook herhaal in ‘n e-pos gerig deur respondent aan applikant se deponent op 11 Februarie 2004 (Bylae RL17).

[24] Applikant se weergawe word ook gestaaf deur die beëdigde verklaring van Sylvia Tromp, en veral die brief gedateer 3 April 2004 wat by haar verklaring aangeheg word, is insiggewend. Die respondent se mededelings dat daar ‘n intieme verhouding tussen hulle was en dat sy as gevolg van respondent se optrede teenoor haar wraaksugtig sou wees, staaf nie noodwendig die respondent se implikasie dat sy leuens vertel nie. Die respondent het immers ook ‘n motief om leuens te vertel.

[25] In die tweede respondent (in die Hof *a quo*) se opponerende beëdigde verklaring word die volgende gesê:

> “35.3 Wat egter ter saaklik is, is dat die maatskappy **Aucor Bloemfontein (Pty) Limited** het oor baie jare heen lank voordat die applikant nog bestaan het, reeds al sy metodes, filosofieë, bemarkingsbeleid, ens. geformuleer en dit is ‘n wenplan.. Die **Aucor-groep** skroom nie om daarop te roem dat hulle ‘n wenplan het nie. Dit is die enigste rede waarom hulle oor al die jare met soveel sukses die leier in die mark geword het van hierdie tipe van besigheid.
>
> 35.4 Daarom sal die filosofieë, beleid, metodes, ens. van die applikant vir die **Aucor-groep** geen waarde hê nie en stel ons glad nie belang daarin nie. Ons sal nie eers probeer vasstel wat die metodes is nie.”

[26] Daar word oor en oor herhaal dat die betrokke firma ‘n gevestigde besigheidsopset het met jarelange beleid, filosofieë, eie bemarkingsmetodes ensovoorts. Daar kan ook verwys word na die volgende gedeelte:

> “37.8 Die bemarkingstrategie van **Aucor Bloemfontein (Pty) Limited** sluit in dat daar onmiddellik vanaf die ontstaan van ‘n tak, skakeling bewerkstellig

> word met alle likwidateurs, finansiële instellings, prokureurs, ens. Ons het reeds baie lank gelede en lank voordat die eerste applikant by ons in diens getree het, hierdie proses van stapel gestuur. Ek wil sonder vrees vir teenspraak stel dat alle likwidateurs in die Vrystaat en alle finansieringinstellings en alle ander bronne van veilings nie net bewus is van die bestaan van **Aucor Bloemfontein (Pty) Limited** nie, maar reeds 'n besigheidsverhouding met die maatskappy het. Dit is ook tot 'n groot mate te wyte aan die feit dat ons deel van die **Aucor-groep** vorm wat oor die verloop van baie jare so 'n verhouding opgebou het. Daar kan net hier bygevoeg word dat **Aucor** hoofkantoor lank voor die opening van die kantoor te Bloemfontein, kennisgewings vir al die instansies versend het en reeds werk gewerf het vir die Bloemfontein tak."

Die advokate namens appellant het tereg ten tyde van argument klem daarop gelê dat dit duidelik is dat hierdie groep van maatskappye 'n plan, metodes, filosofieë, werkswyses ens. het wat hulle seersekerlik nie graag aan 'n mededinger sou wou openbaar nie.

[27] Die gesaghebbende beslissing wat van toepassing is op beperkingsklousules is nog steeds dié van **MAGNA ALLOYS AND RESEARCH (SA) (PTY) LTD v ELLIS** 1984 (4) SA 874 (A). Dit is dus duidelik dat ten einde die bepalings van die beperkingsklousule vry te spring, daar 'n bewyslas op die respondent rus om te bewys dat:

(a) die beperkingsklousule inderdaad 'n inperking van respondent se vryheid om sy beroep uit te oefen, daarstel.

(b) Die afdwinging van die beperkingsklousule indruis teen die openbare belang – **MAGNA ALLOYS** (*supra*) te 893.

Sien **NEL v DRILEC (PTY) LTD** 1976 (3) SA 79 (D) te 81 G.

Die beslissing tot die teendeel in **CANOA KWAZULU NATAL (PTY) LTD h/a CANON OFFICE OUTOMATION v BOOTH AND ANOTHER** 2004 (1) BCLR 39 is teenstrydig met 'n beslissing wat in hierdie hof aanvaar word. Sien **WALTONS STATIONERY CO (EDMS) BPK v FOURIE EN 'N ANDER** 1994 (4) SA 507 (O) te 511 E – G;

**FIDELITY GUARDS HOLDINGS (PTY) LTD t/a FIDELITY GUARDS v PEARMAIN** 2001 (2) SA 853 (SOK);

**KNOX D'ARCY LTD AND ANOTHER v SHAW AND ANOTHER**

1996 (2) SA 651 (W) TE 661 (D).

[28] Die respondent het aangevoer dat hy self belangrike kontakte opgebou het. In **RAWLINS AND ANOTHER v CARAVAN TRUCK (PTY) LTD** 1993 (1) SA 537 (A) te 541 B – H word die volgende gesê:

> "The need of an employer to protect his trade connections arises where the employee has access to customers and is in a position to build up a particular relationship with the customers so that when he leaves the employer's service he could easily induce the customers to follow him to a new business (Joubert General Principles of the Law of Contract at 149). Heydon The Restraint of Trade Doctrine (1971) at 108, quoting an American case, says that the 'customer contact' doctrine depends on the notion that
> 'the employee, by contact with the customer, gets the customer so strongly attached to him that when the employee quits and joins a rival he automatically carries the customer with him in his pocket'."

[29] Dit is slegs nodig vir die appellant om aan te toon dat die respondent potensieel in staat is om sy handelsgeheime te misbruik. Dit is nie nodig om te bewys dat hy dit inderdaad doen nie. 'n Situasie soortgelyk aan die huidige was van toepassing in die beslissing van **IIR SOUTH AFRICA BV (INCORPORATED IN THE NETHERLANDS) t/a INSTITUTE FOR INTERNATIONAL RESEARCH v TARITA AND OTHERS** 2004 (4) SA 156 (WLD) en veral die volgende gedeelte op bl. 166 H – I van belang is:

> "Both first and second respondents deny that they had used any confidential information or trade secrets in promoting the business of the third respondent or had communicated or would communicate any such information to the third respondent. As will appear, I cannot find that the first and second respondents have indeed communicated such information to the third respondent but in my view the restraint is nevertheless enforceable and should be enforced for the reasons given by me in *BHT Water Treatment (Pty) Ltd v Leslie and Another* 1993 (1) SA 47 (W) at 57H - 58D. In short, the applicant has endeavoured to safeguard itself against the unpoliceable danger of the first and second respondents communicating its trade secrets to a rival concern after entering their employ. The risk that the respondents will

do so is one which the applicant does not have to run and neither is it incumbent upon the applicant to inquire into the *bona fides* of the first and second respondents and demonstrate that they are *mala fides* before being allowed to enforce its contractually agreed right to restrain the first and second respondents from entering the employ of a direct competitor."

[30] Dit is wel so dat die beginsels van **PLASCON-EVANS PAINTS LTD v VAN RIEBEECK PAINTS (PTY) LTD** 1984 (3) SA 623 (A) van toepassing is, maar het die Hof *a quo*, myns insiens, fouteer in die volgende opsigte:

(a) Deur nie die saak te benader vanuit die oogpunt dat die bewyslas nog steeds op respondent gerus het om aan te dui dat die beperkingsklousule onredelik is, en nie afgedwing moes word nie.

(b) Deur as uitgangspunt die beginsel dat 'n persoon se unieke talente, gawes, kundigheid, bedrewenheid, vaardigheid en persoonlikheid nooit deur 'n ander in beslag geneem kan word nie, te aanvaar, en die saak vanuit daardie oogpunt te benader na aanleiding en slegs van een *dictum* in die beslissing van **BASSON v CHILWAN AND OTHERS** 1993 (3) SA 742 (A) te 778 C – D. In hierdie beslissing is beklemtoon dat die uitgangspunt in **MAGNA ALLOYS** (*supra*) dat die bepaling geag word afdwingbaar te wees steeds geldig is. Die vier vrae wat die geleerde Appèlregter in die beslissing stel, is die volgende:

"(a) Is daar 'n belang van die een party wat na afloop van die ooreenkoms beskerming verdien?

(b) Word so 'n belang deur die ander party in gedrang gebring?

(c) Indien wel, weeg sodanige belang kwalitatief en kwantitatief op teen die belang van die ander party dat hy ekonomies nie onaktief en onproduktief moet wees nie?

(d) Is daar 'n ander faset van openbare belang wat met die verhouding tussen die partye niks te make het nie maar wat verg dat die beperking gehandhaaf moet word, al dan nie?"

(c) Deur bewustelik, of onbewustelik, te aanvaar dat die beginsels soos uiteengesit in artikel 13 van die Grondwet (Nr. 108 van 1996) relevant is tot die beoordeling van hierdie aansoek. Hier is geen sprake van knegskap of dwangarbeid nie, nog minder van slawerny. Die respondent kon sekerlik

enige ander werk as dié van afslaer gedurende die betrokke jaar aanvaar. Die **POLYGRAPH CENTRE** – beslissing, *supra*, is dan in dié opsig korrek.

(d) Deur nie respondent se erkennings in die dienskontrak (bo en behalwe die bewyslas hierbo reeds na verwys) as 'n faktor in aanmerking te neem by die beoordeling van die geheel van die feite, en veral by die oorweging van die vraag of respondent se ontkennings kan opgaan al dan nie. Dit is natuurlik so dat dit wat in 'n kontrak erken word, nie noodwendig die waarheid hoef te wees nie, maar indien 'n sakeman so 'n erkenning gemaak het, moet hy minstens redes aantoon waarom sodanige erkenning nie bindend is nie.

(e) Deur nie in ag te neem dat dit oor die algemeen onwenslik is om in geskilpunte van hierdie aard, naamlik of 'n beperkingsklousule afgedwing moet word al dan nie, die saak na mondelinge getuienis te verwys. Daar was dan ook geen versoek in dié verband deur enigeen van die partye nie. Die kern van hierdie saak is daarin geleë dat die appellant in sy stawende beëdigde verklaring soos aangevul deur die reeds aangehaalde gedeeltes van sy repliserende verklaring aangedui het dat respondent deur die kennis wat hy in die binnekring opgedoen het (of kon opdoen) van appellant se strategieë, nuwe produkte, swart bemagtigingsplanne, prysstruktuur, ensovoorts vir appellant kon benadeel indien dit aan 'n kompeterende afslaersfirma oorgedra word, iets wat eintlik vanself spreek. Appellant het derhalwe aangetoon dat hy 'n belang het wat beskerming behoef. Die respondent probeer met 'n lang omhaal van woorde in sy opponerende verklaring aandui dat hy, ten spyte van sy erkennings in die kontrak en in die aangehaalde briewe, niks geleer het, dat daar niks was om te leer of uit te vind by die appellant nie en dat die werking van die afslaersbedryf (soos appellant dit toepas) algemene kennis in die betrokke bedryf is (al het sy huidige maatskappy 'n "wenresep" - dit wil sê iets wat seer sekerlik nie algemene kennis is nie). Om so 'n beweerde, feitedispuut na mondelinge getuienis te verwys, sou heelwaarskynlik die afdwinging van die beperkingsklousule verydel. Die Hof *a quo* kon deur ag te slaan op die bewyslas, die inherente onwaarskynlikhede en die erkennings hierbo vermeld, die saak beslis op die stukke en in alle opsigte voldoen het aan die beginsels soos uiteengesit in die **PLASCON-EVANS PAINT** – saak, *supra*.

(f) Deur buite rekening te laat dat die hof by aansoeke van hierdie aard wel op die waarskynlikhede kon let, en op grond

van die prentjie as geheel (d.w.s die totaliteit van feite vermeld en gepaardgaande met die waarskynlikhede ten opsigte daarvan) 'n oordeel kon vel of die respondent se ontkennings en teenargumente gehandhaaf moes word (of ten minste in die uitspraak 'n aanduiding moes verskaf het dat dit gedoen is).

[31] Hierdie is 'n tipiese geval waar die beperking bedoel is om 'n werknemer te belet om na handelsmededingers oor te loop en dat die werknemer slegs belet word om vir 'n periode van een jaar in direkte opposisie tot die appellant op te tree.

[32] Onses insiens, is die duur van die beperking, naamlik een jaar, uiters billik in die omstandighede, en is daar ook 'n saak uitgemaak dat die area (die Republiek van Suid-Afrika) ook redelik is, aangesien die twee groot groepe maatskappye landswyd met mekaar kompeteer. Die blote feit dat die appellant bereid was om die toegewing te maak dat indien die hof nie tevrede was om die klousule in die hele area af te dwing nie, die betrokke area verminder kon word, behoort, myns insiens, nie teen die appelant gehou te gewees het nie, maar juis in sy guns te tel. Die feit dat dit slegs tydens argument geopper is, beïnvloed, onses insiens, ook nie hierdie aspek van die saak nie. Daar is voldoende aanvaarbare feitebewerings dat die beperking tot appellant se nadeel minstens in die Vrystaat (en moontlik selfs in die hele Suid-Afrika) oortree kon word. Dit is trouens nie nodig om op hierdie aspek verder in te gaan nie in die lig van die feit dat die tydperk van die beperkingsklousule reeds verstreke is.

[33] Indien daar op die feite van die aansoek as geheel gelet word, asook op die waarskynlikhede, is die afleiding geregverdig dat appellant 'n beskermbare belang gehad het, en dat die beskerming van sodanige belang nie teen die openbare sedes was nie, en dat applikant die moontlikheid van die oortreding van die klousule bewys het. Die vrae geopper in **BASSON v CHILWAN**, *supra*, (vermeld in paragraaf 27(b) hiervan) moet dus almal positief beantwoord word, bo en behalwe respondent se erkenning van die redes vir die beperking in die kontrak. Indien daar gelet word op die detail van die bewerings ten aansien van die verkoping van die Royal Hotel op Bethlehem, is die appellant se weergawe, soos in detail gestaaf deur paragraaf 5.6 van Sylvia Tromp se verklaring, veel meer waarskynlik as die weergawes wat deur beide respondente geopper is, en wat in elk geval nie ooreenstem nie. Appellant (selfs indien hy die bewyslas gedra het) het derhalwe aangetoon nie alleen dat hy 'n redelike beperkingsklousule beding het nie, maar ook dat respondent bereid was om dit te oortree, en

dat daar rede was om te glo dat hy dit in die toekoms verder sou oortree.

[34] In die lig van die feit dat die tydperk vir die afdwinging van die beperkingsklousule reeds verstreke is, sal dit geen doel dien om die bevel wat aanvanklik gevra is in die plek te stel van die Hof *a quo* se bevel nie, en sal dit voldoende wees dat dit bloot verklaar word dat die beperkingsklousule afdwingbaar is. Vergelyk **THE MERAK S.: SEA MELODY ENTERPRISES SA** – saak te 281 A – B. Wat die koste betref, meen ons dat die koste aangegaan op 15 April 2004 koste in die geding behoort te wees en dat daar nie 'n saak uitgemaak is dat prokureur en kliënt koste geregverdig is nie. Daar is ook nie gevra vir koste van twee advokate in die Hof *a quo* nie.

[35] In die lig van al die oorwegings meen ons dat die appèl moet slaag met koste (wat die koste van twee advokate insluit), en dat die bevel van die Hof *a quo* (in die lig van die omstandighede van hierdie saak) tersyde gestel behoort te word, en vervang moet word met die volgende bevel:

1. Dat applikant geregtig is om die beperkingsklousule af te dwing teen eerste respondent;

2. Dat die aansoek teen tweede respondent afgewys word met koste (met insluiting van die koste van 15 April 2004);

3. Dat die eerste respondent die koste van die applikant moet betaal (met insluiting van die koste van 15 April 2004).

**S.P.B. HANCKE, R**

**G.F. WRIGHT, R**

Namens die appellant: Adv. A.J.R. van Rhyn SC
Bygestaan deur:
Adv. S.J. Reinders
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. P.U. Fischer
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**APPèL Nr. : A72/2005**

In die appèl tussen:-

**AUCTION ALLIANCE VRYSTAAT (PTY) LTD** Appellant

en

**FRANZ OTTO BOBBERT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* HANCKE R *et* WRIGHT R

---

**AANGEHOOR OP:** 20 FEBRUARIE 2006

---

**UITSPRAAK DEUR:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 30 MAART 2006

---

Die stukke in hierdie aangeleentheid is in beide Afrikaans en Engels. Die uitspraak van die Hof *a quo* is in Afrikaans en die argumente namens appellant op appèl is in Afrikaans voorgedra. Die uitspraak van my kollegas is ook in Afrikaans. Ek vind dit gerieflik om hierdie uitspraak in Afrikaans te skryf.

Ek het die voorreg gehad om die uitspraak van my kollegas Hancke en Wright te lees. Ek stem, met eerbied, nie met hulle saam nie. Aangesien hierdie 'n minderheidsuitspraak is, word die feite nie herhaal nie behalwe insoverre dit nodig is om my gevolgtrekkings te motiveer. Ek verwys hierna na my kollegas se uitspraak as "die hoofuitspraak".

**ARTIKEL 21A VAN DIE HOOGGEREGSHOFWET**

Namens appellant is daar twee redes aangevoer waarom hierdie Hof nie die appèl ingevolge artikel 21A(1) sal afwys nie, te wete

(a) die bestaan van 'n belangrike regsvraag wat beslis behoort te word; en

(b) dat indien die meriete nie aangehoor word nie, dit appellant sal benadeel in 'n moontlike toekomstige skade-vergoedingsaksie teen respondent.

**Die belangrike regsvraag**

Mnr. Van Rhyn het veral gesteun op die passasie in **THE MERAK S: SEA MELODY ENTERPRISES SA v BULKTRANS (EUROPE) CORPORATION** 2002 (4) SA 273 (HHA) op p. 276 H waarna met goedkeuring verwys is in **LAND- EN LANDBOU-ONTWIKKELINGSBANK VAN SUID-AFRIKA v CONRADIE** 2005 (4) SA 506 (HHA) op p. 511 C – D in die volgende woorde:

> "Where, for example, questions of law, which are likely to arise frequently, are at issue a court of appeal may hear the merits of the appeal and pronounce upon it."

Sy betoog kan soos volg saamgevat word: Litigasie omtrent beperkingsklousules kom redelik dikwels voor. Daar is twee teenstrydige uitsprake in hierdie Afdeling, nl. die een van Van Coppenhagen R in die Hof *a quo* en die ongerapporteerde uitspraak van Hattingh R in die **POLYGRAPH CENTRE** – saak. Dit is belangrik dat regsekerheid verkry word deur 'n uitspraak van hierdie Hof.

In die hoofuitspraak aanvaar my kollegas hierdie betoog byna woordeliks.

Eerstens, is dit, met eerbied, nie korrek dat die genoemde twee beslissings in hierdie Afdeling teenstrydig is "oor die interpretasie van artikels 13 en 22 van die Grondwet" nie. Van Coppenhagen R interpreteer glad nie die twee artikels nie. Hy haal hulle slegs aan en sê dan bloot dat hulle die volgende passasie (wat nie in die hoofuitspraak aangehaal word nie) uit die **BASSON** – uitspraak onderskraag.

> "In essence, the Chilwans are seeking to prevent Basson from using his skill and experience, and his innate or acquired abilities, to the potential detriment of their investment. In this respect the case bears no resemblance to the case of the seller and buyer of a business. On the contrary, it approximates closely to the case of an employer and employee relationship in one respect. In relation to such cases it has often been said in the authorities that a man's skills and abilities are a part of

> himself and that he cannot ordinarily be precluded from making use of them by a contract in restraint of trade."

Hierdie passasie in die uitspraak van Botha AR vorm deel van die meerderheidsuitsprake. Dieselfde gedagte word in die uitspraak van Nienaber AR (met wie Botha AR volkome saamstem: p. 776 H) soos volg uitgedruk op pp. 772 J – 773 D:

> "Klousule 11 van die ooreenkoms is 'n blatante poging om 'n monopolie oor Basson se bekwaamheid, vaardigheid en kundigheid as 'n busbakbouer te verwerf ..."
> (My onderstreping).

Op sterkte van die **BASSON** – beslissing was Van Coppenhagen R derhalwe korrek deur te sê dat 'n kontrak

> "wat bepaal dat 'n persoon sy unieke en persoonlike kundigheid, gawes, talente, bedrewenheid of vaardigheid slegs aan 'n bepaalde persoon of instansie moet diensbaar stel ... as 'n reël *contra bonos mores* is".

Tweedens, het Van Coppenhagen R nie bevind dat artikel 22 van die Grondwet

> "die regsposisie, soos dit verduidelik is in die MAGNA ALLOYS - beslissing, verander nie"

soos wat Hattingh R in paragraaf 21 van sy uitspraak in die **POLYGRAPH** – saak in die volgende woorde sê:

> "Eerstens het artikel 22 van die Grondwet nie die regsposisie, soos dit verduidelik is in die MAGNA ALLOYS beslissing (*supra*), verander nie."

Alhoewel Van Coppenhagen R nie uitdruklik na die **MAGNA ALLOYS** – beslissing verwys nie, word daar in die **BASSON** – beslissing (waarna hy wel verwys) by herhaling na die **MAGNA ALLOYS** – beslissing verwys en word die regsposisie in laasgenoemde saak as die geldende reg aanvaar. Die uitspraak in die Hof *a quo* bevat geen aanduiding hoegenaamd dat daar afgewyk word van die **MAGNA ALLOYS** – beslissing nie.

Die belangrikste oorweging is egter dat die geleerde Regter *a quo* nie sy bevinding op artikel 13 van die Grondwet gebaseer het nie. Die hoeksteen van sy bevinding is paragraaf 9 van sy uitspraak wat soos volg lui:

> "[9] Op die feite wat vir doeleindes van hierdie aansoek

> aanvaar moet word, is die afleiding onvermydelik dat applikant wens te verhoed dat eerste respondent vir 'n periode van een jaar binne die Republiek van Suid-Afrika sy persoonlike en unieke talente, gawes, vaardighede, bedrewenheid, en kundigheid, hetsy tot voordeel van homself hetsy tot voordeel van 'n ander, anders as applikant beskikbaar moet stel of kan stel. Dit kan ook anders gestel word: eerste respondent mag vir gemelde periode binne die RSA slegs sy persoonlike unieke vaardighede, kundighede, talente, bedrewendheid en gawes in diens van applikant aanwend.
>
> Die voorgestelde beperkings is myns insiens in die omstandighede *contra bonos mores* en dus regtens onafdwingbaar."

Tydens sy betoog voor ons het Mnr. Van Rhyn ons dan ook meegedeel dat Van Coppenhagen R tydens die aansoek om verlof om te appelleer opgemerk het

> "dat hy nie eintlik op artikel 13 beslis het nie."

Ek verstaan ook sy uitspraak so.

Na my mening is daar nie twee teenstrydige uitsprake in hierdie Afdeling nie en derhalwe ook nie 'n belangrike regsvraag wat in die onderhawige appèl beslis moet word nie.

**<u>Appellant se moontlike toekomstige skadevergoedingsaksie</u>**

Mnr. Van Rhyn het in betoog toegegee dat 'n bevel soos aangevra in paragrawe 2.1 – 2.3 van die Kennisgewing van Mosie geen praktiese uitwerking of gevolg sal hê nie omdat die periode van twaalf maande waartydens die beperking sou geld, lank reeds afgeloop het. Hy het nietemin volhard om vir so 'n bevel te vra. In sy aanvullende Hoofpunte van Betoog wat op 24 Februarie 2006 ontvang is, betoog hy egter soos volg:

> "3.
>
> Namens Appellant word aan die hand gedoen dat dit nie geargumenteer kan word dat die geskilpunte by die verhoor van die appèl van so 'n aard is dat die uitspraak geen praktiese uitwerking of gevolg sal hê nie. Die geskilpunte tussen die partye behels onder andere die vraag na die afdwingbaarheid van die kontrak (die handelsbeperking) tussen die partye. Die hof *a quo* het bevind dat enige kontrak wat bepaal dat 'n persoon sy unieke en persoonlike kundigheid, gawes, talente,

bedrewenheid of vaardigheid slegs aan 'n bepaalde persoon of instansie moet diensbaar stel, as 'n reël *contra bonos mores* sal wees, onder andere met verwysing na die bepalings van Artikel 13 van die Grondwet.

Die Agbare hof *a quo* bevind dan dat die voorgestelde beperkings (met verwysing na Applikant se kontrak) in die omstandighede *contra bonos mores* is en derhalwe regtens onafdwingbaar is.

4.

Dit is duidelik dat hierdie bevel van die agbare hof *a quo* die effek het om te verklaar dat die kontrak tussen die partye nie afdwingbaar is nie. Die gevolg hiervan is dat die Appellant, ten spyte van die feit dat hy gekontrakteer het met die Respondent, nie in staat is om enige skadevergoedingsaksie teen Respondent in te stel nie. Die hof *a quo* het, met eerbied, reeds 'n finale bevel rakende die kontrak gegee. Indien die Appellant dagvaar vir skadevergoeding voortspruitend uit die verbreking van die kontrak, is die geldigheid van die kontrak *res iudicata*. Daar kan gevolglik geen sprake daarvan wees dat die geskilpunte in die aansoek van so 'n aard is dat 'n ander uitspraak geen praktiese uitwerking of gevolg sal hê nie."

Dit is ook soos my kollegas die betoog verstaan soos blyk uit paragraaf 13 van die hoofuitspraak.

Die *moontlikheid* dat 'n *moontlike* skadevergoedingsaksie deur appellant gekortwiek kan word indien die Hof *a quo* se bevel bly staan, word gebaseer op wat applikant in paragrawe 43 en 44 van sy funderende beëdigde verklaring sê onder die opskrif "LEGAL SUBMISSIONS":

"43. The industry in which Applicant is engaged is highly competitive and the Applicant's business will suffer irreparable harm should the First Respondent be permitted to breach the terms of the restraint of trade agreed to by him. The First Respondent will be in a position to divulge the Applicant's trade secrets and confidential information to the Second Respondent. In addition the First Respondent will be in the ideal position to assist the Second Respondent in enticing the Applicant's and the Group's clientele away from it.

44. The Applicant has no other satisfactory remedies other than the interim and final interdicts which it seeks in these proceedings."

Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie bewerings noodsaaklik is vir die verkryging van ‘n tydelike interdik met onmiddellike werking soos wat inderdaad in die vooruitsig gestel is in die Kennisgewing van Mosie. Behalwe wat van die Balie af meegedeel is, is daar geen ander inligting oor die *moontlike* skadevergoedingsaksie nie. Dit hang in werklikheid in die lug.

In die toonaangewende uitspraak in **PREMIER, PROVINSIE MPUMALANGA, EN 'N ANDER v GROBLERSDALSE STADSRAAD** 1998 (2) SA 1136 (HHA) op p. 1141 D – F lui die eenparige uitspraak van die Hof soos volg:

> “Die artikel is, myns insiens, daarop gerig om die drukkende werklas op Howe van appèl, insluitende en miskien veral hierdie Hof, te verlig. Dit breek weg van die destydse vae begrippe soos 'abstrak', 'akademies' of 'hipoteties', as maatstawwe vir die uitoefening van 'n Hof van appèl se bevoegdheid om 'n appèl nie aan te hoor nie. Dit stel nou 'n direkte en positiewe toets: sal die uitspraak of bevel 'n praktiese uitwerking of gevolg hê? Gesien die doel en die duidelike betekenis van hierdie formulering, is die vraag of die uitspraak in die geding voor die Hof 'n praktiese uitwerking of gevolg het en nie of dit vir 'n hipotetiese toekomstige geding van belang mag wees nie.”
> (My onderstreping).

Hierdie passasie is met goedkeuring na verwys in ‘n aantal latere beslissings deur die Hoogste Hof van Appèl waarna ons ook verwys is o.a. **RAND WATER BOARD v ROTEK INDUSTRIES (PTY) LTD** 2003 (4) SA 58 (HHA) op p. 61 D – E; **COIN SECURITY GROUP (PTY) LTD v SA NATIONAL UNION FOR SECURITY OFFICERS AND OTHERS** 2001 (2) SA 872 (HHA) op p. 875 A – B. In **PORT ELIZABETH MUNICIPALITY v SMIT** 2002 (4) SA 241 (HHA) word dieselfde beginsel neergelê in die volgende woorde op pp. 246 J – 247 D:

> [7] It can be argued, I think, that s 21A is premised upon the existence of an *issue* subsisting between the parties to the litigation which requires to be decided. According to this argument s 21A would only afford this Court a discretion not to entertain an appeal when there is still a subsisting *issue* or *lis* between the parties the resolution of which, for some or other reason, has become academic or hypothetical. When there is no longer any *issue* between the parties, for instance because all issues that formerly existed were resolved by agreement, there is no 'appeal' that this Court has any discretion or power to deal with. This argument appears to be supported by what Viscount Simon said in *Sun Life Assurance Company of Canada v Jervis* [1944] AC 111 (HL) at 114, when he said, with reference to facts very similar to

> those under present consideration:
>
> '. . . I think it is an essential quality of an appeal fit to be disposed of by this House that there should exist between the parties a matter in actual controversy which the House undertakes to decide as a living issue.'
>
> Consequently, he found that in a matter where there was no existing lis between the parties the appeal should be dismissed on that ground alone."
>
> (My onderstreping).

Die afdwing van die beperkingsklousule vir twaalf maande vanaf 9 Februarie 2004 (soos wat namens appellant tydens betoog gevra is) kan geen praktiese uitwerking of gevolg vir die partye hê nie. Dit is net eenvoudig nie meer 'n "subsisting issue or lis" of "a matter in actual controversy" of "a living issue" nie.

Ek meen derhalwe dat die appèl op grond van die bepalings van artikel 21A van die Hooggeregshofwet van die hand gewys moet word.

Indien ek fouteer in bostaande bevinding meen ek dat die appèl op die meriete ook nie kan slaag nie. Die vernaamste argument wat namens appellant aangevoer is, is dat die geleerde Verhoorregter die sg. **PLASCON-EVANS** – beginsel te streng toegepas het en moes bevind het dat respondent se ontkennings van appellant se bewerings

> "so far-fetched or clearly untenable"

is dat dit op die stukke verwerp moes gewees het. (Sien **PLASCON-EVANS PAINTS LTD v VAN RIEBEECK PAINTS (PTY) LTD** 1984 (3) SA 623 (A) op pp. 634 E – 635 C). Ten einde te beslis of respondent se ontkennings vergesog of onhoudbaar is, is dit ongelukkig nodig om groot dele van die stukke volledig aan te haal om die teenstrydige bewerings van die partye in perspektief te plaas. Die tersaaklike gedeeltes van appellant se funderende stukke lui soos volg:

> "10. By virtue of the positions held by First Respondent, First Respondent was privy to Applicant's confidential information which is comprised of, ***inter alia***, Applicant and the Auction Alliance Group's trade secrets, know-how, confidential information, goodwill and intangible assets in general which relate to business, financial methods, policies and philosophies, marketing methods, policies and philosophies, formulae, processes, systems, sources of supply, business methods including techniques and business practises, inventions, quality control of products, discounts obtained from suppliers,

stock losses, methods of distribution, knowledge of training programs and staff welfare, business connections, internal control systems, buying policies and strategies, salary and wage policies, security methods, knowledge of customers and business associates, contractual arrangements and financial techniques, personnel, strategic plans and other matters which relate to the business of both Applicant and the Auction Alliance Group, which information is not readily available in the ordinary course of business to members of the public or to a competitor of either the Auction Alliance Group of Companies, or Applicant.

(Hierdie paragraaf is 'n woordelikse herhaling van Klousule 17.1.3 van die betrokke dienskontrak.)

11. First Respondent was not only involved in the auctioneering of both movable and immovable property, but in his aforesaid position was involved in every facet and aspect of Applicant's business including, but without limiting the generality of the aforegoing:

